# GRAAD 12 HT

# BEGRIPSTOETS, OPSOMMING, ADVERTENSIE

DEUR NICOLA JORDAN (HOËRSKOOL DF MALHERBE)

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**VRAAG 1**

Lees die onderstaande teks (TEKS A) en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

### Skole stuit die slimfone

1. Baie mense debatteer dat slimfone se effek nie so erg kan wees nie. “Almal gebruik dit dan tog?” Maar moet ons nie versigtiger wees oor die invloed van slimfone op ons kinders nie? Volgens dr. Marlena Kruger, ’n tegnologieverslawingskenner en die medestigter en direkteur van TechnoLife Wise-stigting, moet ’n kind nie ’n slimfoon voor die ouderdom van 16 hê nie. “Nie voordat sy brein en liggaam beter ontwikkel het nie,” meen sy.



2. Slimfone hou al hoe meer gevare vir die mensdom in. Siende dat dit ’n mobiele toestel is wat aldag in jou hand is, dring dit op ons menswees in. Marlena, wat al sedert 2015 voltyds navorsing doen rondom die impak van slimfone, sê: “<u>Ons verloor meer as wat ons wen van generasie ná generasie</u>.”
3. Kinders word ’n onreg aangedoen wanneer slimfone van jongs af deel gemaak word van hulle bestaan. Die natuurlike tydgleuf waarin kinders in volwaardige mense moet ontwikkel, word nou met slimfone en skermtyd gevul. Altemit het dit ’n negatiewe uitwerking op kinders se brein- en spierontwikkeling. Verder is daar al hoe meer kinders met skeel ogies, ADHD en outisme, verduidelik Marlena.

4. Dit is ’n sneeubal-effek met ’n diagnose vir leergestremdheid of neurologiese versteurings wat lei tot voorskrifmedikasie en die onvermydelike newe-effekte wat weer daarmee gepaardgaan. Kinders leer nie meer om sosiaal met mekaar te kommunikeer nie. <u>Marlena meen ’n kind wat nie geleer het om mooi met maatjies in sy direkte omgewing te speel nie, kan soveel te meer agter ’n skerm in ’n kuberboelie ontaard</u>. Daarom is dit belangrik vir ouers en onderwysers om ’n voorbeeld van gesonde, menslike kommunikasie te stel en die versoekings van ’n slimfoon te beperk.

5. Tegnologieverslawing is ’n werklikheid en daarmee saam die skrikwekkende gevolge soos angs, depressie en onderontwikkelde fisieke, emosionele en sosiale vaardighede. “Jy speel speletjies op ’n plat skerm en dan dink jy jy kan ’n legkaart bou,” lig Marlena se teenstrydigheid uit. “Jy word beloon met sterretjies, maar intussen het jy nie veel daarvoor gedoen nie.” Op die ou end is die dopamien wat vrygestel word van korte duur en is die resultate van oorstimulasie kommerwekkend.

6. In ’n potgooi op RSG deel Pieter Rademeyer, hoof van die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad, dat hul onlangse besluit <u>om selfone uit die skool te verban</u> nie oornag geneem is nie. Maar, met behulp van slimstelsels soos Yond, is dit vandag ’n selfoonvrye skoolkampus en die terugvoer is grotendeels positief.

7. Khumo Mochela, hoofdogter by die Hoërskool St. Mary’s Waverley, waar slimfone ook verban is, sê hoewel dit aanvanklik ’n skok op hul sisteem was, die meisies baie goed by die verandering aangepas het. “Sover was dit nog net positief,” meen sy.

8. Soos die gesegde lui, is daar 'n tyd en 'n plek vir alles en dit geld ook vir tegnologie. Pieter sê hulle is opgewonde oor tegnologie en verwelkom dit as skool. Hulle bied digitale geletterdheid aan en gebruik tegnologie in die klaskamer. Die gedagte is nie om weg te doen met tegnologie nie, maar eerder dat 'n kind nie heeldag met 'n slimfoon in sy hand moet rondloop terwyl hy eintlik op sy akademie, sy maats en die lekker dinge wat by die skool gebeur, moet fokus nie. Die skool het steeds al die digitale gemeenskappe waarop inligting aan leerders en ouers deurgegee moet word, maar dit word voor en ná skool gedoen.


9. Uiteindelik gun almal die kinders 'n skooldag waar hulle op mekaar en hul skoolwerk kan fokus. Tog sê Pieter die leerders het nie noodwendig van vreugde gejubel toe die besluit om slimfone te verban aanvanklik aangekondig is nie. Soos hy tereg noem: Slimfone is immers deel van kinders se menswees en hulle is gewoond daaraan. Hulle wil egter glo dat die leerders die waarde daarin sal sien. "Dit is verblydend om te sien hoe die kinders saamwerk," sê hy.

10. Wanneer dit by die gebruik van slimfone kom, is daar sekere vrae wat as riglyne kan dien: Het ek nou my slimfoon nodig? Wat is die waarde daarvan? Wat kan ek eerder doen? Mors hierdie nou net tyd, of is ek doelgerig en gefokus op wat ek met die slimfoon wil uitrig (soos om betalings te maak of 'n adres te soek)? Sodoende kan jy duidelik onderskei tussen tegnologie-verslawing en verantwoordelike gebruik.

11. Kinders moet tog die geleentheid gegun word om sonder die onnodige druk van slimfone mens te wees … kind te wees. Laat kinders lééf!

[Verwerk vanuit *Taalgenoot*, Herfs 2025]

**TEKS B: VISUELE TEKS**




(Bron: Saamgestel met behulp van ChatGPT)

**VRAE: TEKS A**

1.1 Herlees par. 1.
Identifiseer die vraag en antwoord wat in hierdie paragraaf kontrasterend teenoor mekaar staan. (1)

1.2 Waarom kan die bron van die antwoord in 1.1 as geloofwaardig beskou word? (1)

1.3 Marlena noem in par. 2 dat die mobiele toestel "op ons mensdom indring". Verduidelik in jou eie woorde wat sy hiermee bedoel. (1)

1.4 Is die onderstreepte sin in par. 2 ’n FEIT of ’n MENING? Motiveer jou antwoord. (1)

1.5 Hoe weet jy uit die teks dat om op selfone, eerder as om normale dinge te doen om te ontwikkel, ’n negatiewe fisieke uitwerking op kinders het? Noem TWEE dinge. (2)

1.6 Herlees par. 4.
Dink jy dat die onderstreepte sin geregverdig kan word? Motiveer jou antwoord. (1)

1.7 Identifiseer TWEE gesaghebbende invloede in kinders se lewens wat hul kan beïnvloed om beter keuses rondom gesonde selfoongebruik te maak. (2)

1.8 Herlees par. 5.
1.8.1 Wat kan jy aflei omtrent die langtermyngevolge van tegnologieverslawing? (1)
1.8.2 Wat impliseer Marlena omtrent die werklike lewe wanneer sy sê: “Jy speel speletjies op ’n plat skerm en dan dink jy jy kan legkaart bou.”? (1)

1.9 Spreek jou uit oor die lewensvatbaarheid van die geïmplementeerde sisteem soos in par. 6 beskryf is. (1)

1.10 Haal EEN woord uit die titel aan wat by die onderstreepte sinsdeel in par. 6 aansluit. (1)

1.11 Watter kontras is daar tussen die positiwiteit rondom die verbanning van slimfone by Hoërskool Jan van Riebeeck en dié van Hoërskool St. Mary’s Waverley? (1)

1.12 Herlees par. 8.
Waarom kan Pieter se uitlating oor tegnologie hier as ironies beskou word indien jy par. 6 in ag neem? (1)

1.13 Watter TWEE dinge hoop Hoërskool Jan van Riebeeck om met die verbanning van slimfone te bereik? (2)

1.14 Identifiseer TWEE redes uit die teks wat voorgehou kan word waarom leerders moontlik met die wegdoen van slimfone in skole mag sukkel. (2)

1.15 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en haal VIER opeenvolgende woorde uit par. 9 aan om jou antwoord te motiveer.
Die leerders ag dit beslis as waardevol om nie slimfone by die skool te hê nie. (1)

1.16 Dink jy dat die gebruik van die woord “verantwoordelike” in par. 10 ’n gepaste woordkeuse binne die konteks van die artikel is? Verduidelik jou antwoord. (1)

1.17 Verduidelik hoe die par. 11 by par. 1 aansluit. (1)

1.18 Hoe weet die leser uit die slotparagraaf dat die skrywer ten gunste van hierdie slimfoonverbanning is? (1)

**VRAE: TEKS B**

1.19 Waaruit kan jy aflei dat die leerder aan sy selfoon verslaaf is? Verwys in jou antwoord onderskeidelik na ’n visuele en verbale aspek. (2)

1.20 Wat impliseer die onderwyser met haar woorde? (1)

1.21 Waarom sou ’n mens kon sê dat die koerantberig en die leerder se aksie juis die boodskap van die spotprent versterk? (2)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.22 Dui op een ooreenkoms en een verskil tussen die inhoud van par. 9 en die spotprent. Verwys na par. 9 van TEKS A en TEKS B. (2)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder en maak ’n opsomming van **SEWE wenke hoe om selfoonverslawing te klop.**

**LET WEL:**

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir jou opsomming ’n titel te gee nie.
4. Dui die **getal woorde** aan wat jy in jou opsomming gebruik het.

**TEKS C**

### Wenke om selfoonverslawing te klop



Vir die meeste mense is dit nie so maklik om net op te hou om slimfone te gebruik nie. Dink daaraan as ’n dieet. Net soos jy nog moet eet, moet jy waarskynlik steeds jou foon gebruik vir werk, skool of kontak met vriende.

Stel doelwitte vir wanneer jy jou slimfoon kan gebruik. Skeduleer die gebruik van jou slimfoon vir sekere tye van die dag, of jy kan jouself met ’n sekere hoeveelheid tyd op jou foon beloon sodra jy ’n huiswerk-opdrag voltooi het of ’n taak geslaag het. Skakel jou foon op sekere tye van die dag af, soos wanneer jy ry, in ’n vergadering is, by die gimnasium is of tydens aandete.

Moenie jou foon of tablet bed toe bring nie. Die blou lig wat deur die skerms uitgestraal word, kan jou slaap ontwrig as dit binne twee uur van slaaptyd gebruik word. Skakel toestelle af en laat hulle oornag in ’n ander kamer om te laai. Vervang jou slimfoongebruik met gesonder aktiwiteite. As jy verveeld en eensaam is, kan dit moeilik wees om die drang om jou slimfoon te gebruik om speletjies te speel of sosiale media te kyk, te beheer.

Spandeer jy tyd saam met ander slimfoonverslaafdes? Speel die “telefoonstapel”-spel. As jy middagete of aandete saam eet, moet almal hul slimfone op die tafel sit. Selfs as die fone buzz en piep, mag niemand sy of haar toestel gryp nie. As iemand nie kan weerstaan om na hul foon te kyk nie, moet die persoon die tjek vir almal betaal.

Verwyder sosialemediaprogramme vanaf jou foon, sodat jy net op jou rekenaar daarna kan kyk. Wat jy van ander op sosiale media sien, is selde ’n akkurate weerspieëling van hul lewens. Mense oordryf die positiewe aspekte van hul lewens en sê niks oor die onsekerheid en teleurstellings wat ons almal ervaar nie. Bekamp jou vrees om uit te mis. Aanvaar dat deur die gebruik van jou slimfoon te beperk, jy waarskynlik sekere uitnodigings, nuus of nuwe skindernuus sal mis.

Daar is soveel inligting beskikbaar op die internet, dit is byna onmoontlik om op hoogte te bly.

[Aangepas vanaf https://afrikaans.zenzilelife.com/blog/slimfoon-and-internet-verslawing]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3 – ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.




(Bron: https://d6.co.za/parent-starter-pack-for-d6-connect/)

3.1 Advertensies word ontwerp deur op spesifieke teikengroepe te mik

3.1.1 Wie, dink jy, is die teikengroep van hierdie advertensie? Verduidelik jou antwoord deur na die doel van die produk te verwys. (2)

3.1.2 Hoe word hierdie teikengroep deur middel van die visuele voorstellings beklemtoon? (1)

3.2 Watter leestekenfout word in vier van die agt sinne in die teks aangetref? (1)

3.3 Verbeter die spelfout in die sin: Een toep vir alle skool fotos, dokumente en hulpbronne. (1)

3.4 “Kry die toep deur die 3 maklike stappe te volg”
Dié woordgebruik sal die leser oorreed om oor te gaan na aksie. Verduidelik waarom hierdie stelling waar is. (1)

3.5 Bespreek of die visuele voorstelling by blokkie A (by die klokkie) die opskrif van die advertensie effektief ondersteun, al dan nie. (1)

3.6 Stem jy saam dat daar ’n mate van stereotipering by die visuele voorstelling by blokkie B is? Verduidelik jou antwoord. (1)

3.7 Die plasing van die naam van die maatskappy is nie funksioneel nie. Motiveer waarom jy met hierdie stelling saamstem. (1)

3.8 Evalueer die effektiwiteit van die advertensie indien dit op sosiale media geplaas sou word. (1)

**[10]**

## *Begripstoets, opsomming, advertensie (bl. 60)*

VRAAG 1

| | | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Die **vraag** wat gevra word, is of kinders nie versigtiger met slimfone moet omgaan nie, terwyl die **antwoord** is dat kinders glad nie tot op 16-jarige ouderdom daarmee moet omgaan nie | 1 | 2 |
| 1.2 | Marlene Kruger is ’n doktor in haar veld / kenner op die gebied / tegnologieverslawingskenner. | 1 | 3 |
| 1.3 | Dit het ’n negatiewe uitwerking op die mensdom. / Dit stroop die mens van vryheid omdat hul verslaaf is.<br>*(Kandidaat bied soortgelyke antwoord.)* | 1 | 2 |
| 1.4 | Feit.<br>Dr. Kruger doen al vanaf 2015 voltyds navorsing oor die impak van selfone. / Dit kan bewys word met navorsing. | 1 | 3 |
| 1.5 | Enige TWEE:<br>Dit het ’n uitwerking op kinders se breinontwikkeling/spierontwikkeling.<br>Daar is al hoe meer kinders met skeel oë.<br>Daar is al hoe meer kinders met ADHD/outisme. | 2 | 2 |
| 1.6 | Ja, want indien kinders nie die vaardighede het om ordentlik met ander van aangesig tot aangesig te verkeer nie, sal hulle ook nie van agter ’n skerm met ander oor die weg kan kom nie.<br>(*Kandidaat bied soortgelyke antwoord)* | 1 | 4 |
| 1.7 | onderwysers; ouers | 2 | 1 |
| 1.8.1 | Aangesien belangrike lewensvaardighede nie ontwikkel nie, sal mense sukkel om in die samelewing te funksioneer. / Dit benadeel mense se volwassewording.<br>*(Kandidaat bied soortgelyke antwoord.)* | 1 | 3 |
| 1.8.2 | Sy impliseer dat digitale speletjies ’n valse gevoel van vaardigheid/prestasie skep, wat nie noodwendig oorgedra kan word na werklike, praktiese situasies nie. / Werklike lewenstake is baie moeiliker as speletjies op ’n skerm.<br>(*Kandidaat bied soortgelyke antwoord.)* | 1 | 4 |
| 1.9 | Kandidaat bied antwoord wat ’n positiewe of negatiewe reaksie uitbeeld bv.<br>Ek dink dat dit ’n goeie sisteem is wat sal kan werk omdat daar ander stelsels soos Yond in plek is.<br>**OF**<br>Ek dink nie dit sal werk nie omdat leerders te geheg aan hulle selfone is en kontak met hul ouers moet hê. | 1 | 5 |
| 1.10 | “stuit” | 1 | 3 |
| 1.11 | By Jan van Riebeeck was die terugvoer grotendeels positief, met ’n paar leerders wat negatief was. By Waverley was die ervaring net positief. / By Jan van Riebeeck was die positiewe terugvoer stadig, maar by Waverley was dit oorweldigend positief. | 1 | 3 |
| 1.12 | ’n Mens sou verwag dat mense wat positief oor tegnologie is slimfone op die skoolgrond sou toelaat, maar hy het slimfone by sy skool verbied.<br>*(Kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.)* | 1 | 3 |
| 1.13 | Leerders sal meer op **akademie**, **maats** en **lekker dinge** by die skool kan fokus. | 3 | 1 |
| 1.14 | Dis deel van hul menswees. Hulle is gewoond daaraan. | 2 | 2 |
| 1.15 | Onwaar.<br>“Hulle wil egter glo” | 1 | 3 |
| 1.16 | Ja, want dit dui daarop dat slimfone vir spesifieke doelwitte gebruik moet word sodat verslawing vermy kan word. *(Iets soortgelyks.)* | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.17 | Die slotparagraaf sluit mooi aan by paragraaf 1. Die slot dui daarop dat selfone nie 'n goeie idee vir kinders is nie, terwyl paragraaf 1 se kern ook is dat kinders sonder selfone moet gaan totdat hulle ontwikkel is. / Albei is daarteen gekant om selfone vir kinders te gee. | 1 | 2 |
| 1.18 | Hy beklemtoon die woord "leef" wat daarop dui dat hy die lewe sonder selfone as positief ag. / Die skrywer is van mening dat kinders sonder die druk van selfone kind moet wees. | 1 | 3 |
| 1.19 | Hy lyk baie angstig, daar is groot skrik- en/of sweetdruppels.<br>Hy vra hoe hy gaan oorleef, so asof daar niks anders is wat hy sal kan doen nie. | 1 | 3 |
| 1.20 | Sy bedoel dat skool 'n plek is waar leerders moet leer en werk, en dat dit nie 'n gewildheidskompetisie is nie. *(Iets soortgelyks.)* | 1 | 3 |
| 1.21 | Daar is bewyse dat leerders beter presteer wat wys dat die selfoonvrye-konsep geslaagd is. Die leerder se aksies juis dat jy juis sal kan doen met selfoonvrye tyd.) | 2 | 4 |
| 1.22 | **Ooreenkoms:** Leerder was nie baie ingenome nie.<br>**Verskil**: In die spotprent was die sukses reeds meetbaar. In die berig word daar gepraat van samewerking en nie van prestasie nie. | 2 | 3 |
| | | **[30]** | |

**VRAAG 2**

Gebruik jou selfoon slegs sekere tye van die dag. Sit jou selfoon vir dele van die dag af. Moenie met jou selfoon in die bed klim nie. Doen 'n gesonder aktiwiteit in plaas daarvan om jou slimfoon te gebruik. As jy saam met selfoonverslaafdes uitgaan, laat almal hul selfone op 'n stapel pak en die een wat dit gebruik, moet betaal. Haal alle sosiale media-toeps van jou selfoon af. Moenie bang wees om uitnodigings of skindernuus te mis deur die beperkings op slimfoongebruik nie. (84 woorde)

**[10]**

**VRAAG 3**

| | | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Ouers met kinders op skool<br>Die doel van die produk is om inligting rakende skoolaktiweite, foto's, dokumente en hulpbronne met ouers te deel. | 1<br><br>1 | 2<br><br>2 |
| 3.1.2 | Die kinders in die agtergrond speel netbal /<br>die ma op die voorgrond met die selfoon in haar hand wat staan en glimlag | 1 | 4 |
| 3.2 | Daar is nie punte aan die einde van die sinne nie. | 1 | 1 |
| 3.3 | skoolfoto's | 1 | 3 |
| 3.4 | Die woord "maklike" bevestig dat dit nie uitdagend is nie / oorreed die leser dat hulle dit sonder moeite sal kan doen. | 1 | 5 |
| 3.5 | Dis is effektief, want die teken van die klokkie en nommertjie dui aan dat daar 'n kennisgewing/boodskap op die toep is, nes die opskrif noem dat mense ingelig kan bly deur boodskappe.<br>*(Kandidaat moet na effektiwiteit verwys en kan nie NEE as antwoord bied nie)* | 1 | 2 |
| 3.6 | Die samelewing verwag dat dit slegs ma's/vrouens is wat kinders se skedules moet behartig of betrokke moet wees by hul kinders se doen en late. / Net vrouens behartig die administrasie van kinders se skedules en die visuele voorstelling is 'n ma wat op die toep besig is.<br>*(Kandidaat bied soortgelyke antwoord.)* | 1 | 3 |
| 3.6 | Die naam, d6, is baie klein aan die regterkant onder in die hoek geplaas (wat dit moeilik maak om te sien). | 1 | 5 |
| 3.8 | Dit sou effektief op sosiale media wees omdat mens juis '' selfoon nodig het om hierdie toep te kan gebruik en mense gebruik meestal sosiale media op hul selfone. | 1 | 6 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | *(Kandidaat moet na die effektiwiteit verwys en kan nie net NEE as antwoord bied nie.)* | | |
| | | **[10]** | |